


# DIE SKADELIKE EFFEK VAN TWAK

Afrikaans vertaling van die eenbedryf/monoloog

“The Harmful Effects of Tobacco”

deur Anton Chekhov (1902)



**Vertaal deur Nico Luwes**

10/10 2014

Dept. Drama en Teaterkuns

UV

Bloemfontein

(c) opvoerregte verkrygbaar by Dalro

[www.dalro.co.za/](http://www.dalro.co.za/)

### **Karakter**

IVAN IVANOVITH NYUKHIN (50 -65), getroud met sy vrou wat 'n musiekskool en 'n vrouelosieshuis bedryf.

### **Stel**

Die toneel is die verhoog van 'n plattelandse sosiale klub. 'n Kateder met 'n waterbeker en glas op tafeltjie daarnaas.

### **Styl**

Die stuk kan binne enige moderne en landelike konteks geplaas word, maar die bekoring lê vir my juis in die Russiese kostuums, eenvoudige, landelike atmosfeer en die eerlike, onopgesmukte spelstyl van Stanislavki in 1902.

The main factor in any form of creativeness

is the life of a human spirit,  
that of the actor and his part,  
their joint feelings  
and subconscious creation.

- **Constantin Stanislavski**

NYUKHIN *gekleed in 'n ou, sakkerige pak en onderbaadjie stap statig van sy-verhoog na die sprekerspodium. Hy maak 'n swierige buiging en maak sy onderbaadjieknoop, wat kort- kort uitglip, vas. Hy gaan staan agter die podium en wil begin, maar iets krap sy keel en hy besluit om eers water in te skink. Hy drink dit senuweeagtig en sit die glas neer. Hy wil begin, maar begin dan soek na sy notas in verskeie sakke. Paniekbevange besef hy dat hy dit nie het nie en besluit om daarsonder deur te druk.*

NYUKHIN *(gee 'n kuggie): Dames en... om so te sê... here. Dit was 'n voorstel van my vrou dat ek 'n openbare en... populêre lesing moet lewer vir die stywing... ja die stywing van die... Welsynsfonds. 'n Lesing. Wel as ek moet, dan móét ek. Dis vir my om't ewe...*

Ek is natuurlik nie 'n professor nie en het nie universiteit klaarge...ge... Maar, desnieteenstaande het ek vir oor die dertig jaar, ten koste van my gesondheid ensovoorts, my lewe daaraan gewy aan die ondersoek van allerlei dinge van streng wetenskaplike aard.

Ek is 'n man met 'n intellektuele nuuskierigheid, en soos u u kan indink skryf ek dikwels geleerde, wetenskaplike studies oor wetenskaplike dinge... Wel nou nie presiés wetenskaplik nie... So as u my sal verskoon... soort van náástenby... wetenskaplik.

Behalwe vir my ander takies het ek nou die dag 'n lang artikel voltooi met die titel: *Die skadelike effek van sekere insekte*. My dogters het dit geweldig geniet! Veral die gedeelte oor weeluse. Maar, ek het dit weer geles en dit opgeskeur. Watter verskil maak dit in elk geval as sulke artikels geskryf word? Jy moet nog steeds insekgifte by jou hou. By die huis is daar tot houtboorders – dis insekte – ín die klavier en weeluse op die lappie. U weet... die lappie... op die note?

NYUKHIN: Vir my toespraak... lesing vandag het ek, om so te sê, besluit om te praat oor die onderwerp *Die skadelike effek van twak* op die mensdom weens die gebruik van twak, sien?

Ek rook self, maar my vrou het my aangesê om 'n lesing te lewer oor die skadelike effek van twak, so wat kan ek anders doen? Dis dan twak. Dis vir my om't ewe. Maar dierbare dames, en so te sê... here... ek versoek u om asseblief my lesing ernstig op te neem of iets afgrylik kan dalk gebeur.

As enigiemand hier dalk vrees dat dit 'n droë, wetenskaplike lesing gaan wees wat u dwars in die krop sal steek en dit onverteerbaar sal wees, of so iets dergeliks, hoef u nie te luister nie. U kan gaan... uitloop.

*Sy onderbaadjieknoop het weer losgespring en hy verstel die baadjie en maak die knoop vas.*

NYUKHIN: Is daar enige dokters teenwoordig? Indien wél versoek ek u om uiters noukeurig te luister aangesien my lesing veel bruikbare stukkies inligting bevat, aangesien twak, behalwe dat dit skadelik is, oor sekere medisinale kenmerke beskik. Byvoorbeeld. As u 'n vlieg in 'n blikkie snuif sit, sal hy sterf... vrek... moontlik weens 'n senuwee-ineenstorting. Twak, streng gesproke, is 'n plant...

*Sy oog begin spring.*

NYUKHIN: Ja, ek weet, as ek 'n lesing lewer, spring my regteroog. Maak of u dit nie sien nie. Dis net bietjie senuweeagtigheid. Ek is, algemeen gesproke... 'n effense senuweeagtige mens. Hy't jare gelede begin spring, om presies te wees in 1889 op 13 September, dieselfde dag wat my vrou geboorte gegee het, om so te sê, aan my vierde dogter, Varvara. Al my dogters in op die dertiende gebore. Maar...

*Hy kyk op sy horlosie.*

NYUKHIN: ... die tyd tot ons beskikking is streng beperk. Ek sien ek het ietwat van die onderwerp afgewyk.

Ek moet u net sê... terloops... my vrou bedryf 'n losieshuis. Wel nou nie 'n wáre losieshuis nie, maar iets soos in die aard van een – 'n skoollosieshuiskoshuis – soort van. Net tussen ons, my vrou kla oor die moeilike tye, maar sy het 'n klein neseiertjie opgebou... iets soos veertig of vyftig duisend roebels.

Maar ek? Ek besit nie 'n kopek nie, nie een enkele kopek nie... In elk geval... wat is die nut om nou daarvoor aan te karring? As sy by die skool is, is dit my lot om die huishouding waar te neem. Ek koop die voorrade, hou 'n ogie oor die bediendes, hou boek oor uitgawes, werk die oefeningboeke se los nate weer vas, maak die weeluse vrek, my vrou se hond neem my vir kort uitstappies, ek vang muise...

Laasnag moes ek die koekmeel sif en die botter karring vir vanmôre se ontbyt. Wel om 'n lang storie kort te maak, vandag, toe die drie pannekoeke reg was, kom my vrou by die kombuis in en sê dat drie van die studente nie die pannekoeke sal eet nie omdat hulle geswelde kliere het. So dit lyk my ons het toe te veel pannekoeke. Wat maak mens met die goed?

My vrou het eers beveel dat ek dit die spens moet stoor, maar na sy so rukkig gedink het, sê sy, "Vreet jy dit self op, jou ou Maergat!" As sy kwaad is, dan noem sy my so. "Maergat" of "Slang" of "Duiwel". Watse soort duiwel is ek? Sy's altyd kwaad... eintlik briesend. Ek het nie daai pannekoeke geëet nie; ek het hulle net ingepronk en afgewurg. Ek is altyd honger. Gister... het sy my niks gegee om te eet nie. Sy sê net altyd, "Wat is die nut daarvan om jou te voer, jou, jou ou Maergat..."

Hoe ook al...

*Hy kyk weer op sy horlosie.*

NYUKHIN: ... ons het afgedwaal van my onderwerp. Sal ons voortgaan? Maar ek is seker sommige van julle sou eerder 'n romantiese storie wou hoor... of na 'n simfonie luister... of 'n aria...?

*Hy (probeer) sing.*

NYUKHIN: “In die hart van die slag  
sal ons steeds sterk staan...  
Voorwaarts ons manne van krag!”

Ek het vergeet waaruit dit kom...

O terloops, ek moet u vertel... My pligte by my vrou se skool, behalwe nou my werk by die huis, is die aanbod van wiskunde, fisika, chemie, geografie, geskiedenis, stemoefeninge, letterkunde, ensovoorts. Vir dans-, sang- en tekenklasse vra my vrou ekstra, hoewel die dans- en sangmeester natuurlik ekself is.

Ons huisskool – soort van koshuis - is geleë in Hondlaan nommer 13. Ek neem aan dis hoekom my lewe so ongelukkig is... om te bly in 'n huis nommer dertien.

Al my dogters is gebore op die dertiende, ek dink ek dit al gesê, en ons huis het dertien vensters en dus kortliks... wat is die nut? Afsprake vir my vrou kan op enige uur gemaak word en die skool se prospektus kan vir dertien kopek by deurwag gekoop word. Dertien kopek.

*Hy haal 'n paar prospektusse uit sy sak. Dis maar eenvoudige enkelbladsy dokumente.*

NYUKHIN: Ah. Hier is hulle... ek het 'n paar saamgebring. Dertig kopek 'n kopie. Enigiemand wat een... wil...

*Ondraaglike pouse.*

NYUKHIN: Niemand? Wel, ons maak dit twintig kopek.

*Ondraaglike pouse.*

NYUKHIN: Wat 'n jammerte. Ja, huis nommer dertien. Ek is 'n mislukking. Ek het oud en onnosel geword. Hier is ek. Besig met 'n openbare lesing, en op die oog af geniet dit, maar ek sê u ek het so 'n drang in my om my longe uit te skree... om te hardloop tot aan die einde van die wêreld...

Daar's niemand om mee te praat nie. Ek wil huil.

Wat van jou dogters, sal julle sê? Huh? Wel wat van hulle? Ek probeer met hulle praat, en hulle... hulle lag net... vir my. My vrou het sewe dogters. Sewe. Nee. Ekskuus, dis net ses. Nee wag, dit is sewe. Anna, die oudste, is sewe-en-twintig, die jongste is sewentien.

Dames, en so te sê, here...

*Hy loer versigtig na die sy-verhoog of iemand hom kan hoor en dan vertroulik aan die gehoor.*

NYUKHIN: Ek is 'n miserabele sot. Ek het 'n dwaas geword. 'n Niks... werd. Maar, alles in ag genome, u sien voor u die gelukkigste vader van alle vaders. Waarom sou ek nie wees nie? En wie is ék om te sê ek is nié?

O, as julle net kon weet. Vir dertig jaar al leef ek saam met my vrou, en ek kan sê dat dit die beste jare van my lewe was... is.

NYUKHIN: Wel nie die beste nie, maar naastenby, om so te sê, die beste.

Dertig jaar... verby in 'n oogknip en aag... te hel daarmee!

*Hy loer weer versigtig na die sy-verhoog of iemand hom kan hoor en dan weer vertroulik aan die gehoor.*

NYUKHIN: Ek dink nie my vrou is al hier nie. Nee, sy is nie. So ek kan sê wat ek wil. Ek is bang. Ek is verskriklik bang as sy na my kyk.

Wel ek het gepraat oor my dogters. Hulle is nie getroud nie, seker omdat hulle so skaam is en omdat geen man ooit naby hulle kan kom nie. My vrou hou nie partytjies nie. Sy nooi nooit iemand vir ete nie. Sy is 'n suinige, wraaksugtige, beduiwelde, bedonderde ou hoenderhen en dis hoekom niemand by ons kom kuier nie. Maar ek kan julle baie vertroulik sê...

*Hy kom tot voor op die verhoog.*

NYUKHIN: ... op vakansiedae kan my dogters gesien word by die huis van hulle tante, Natalia, die een met die rumatiek wat altyd daai geel rok dra – daai een met die swart kolle op, wat lyk soos kakkerlakke. Dáár kan mens eet. En as dit nou só kom dat my vrou my nie daar sien nie, sal julle my sien....

*Hy maak 'n dopdrinkgebaar. Die Russe skiet hulle kele met hulle voorvinger sodat 'n kloekgeluid uitkom.*

NYUKHIN: O, julle sal sien hoe ek kan dronk raak van net één glas. Dan voel ek so vreeslik vrolik en terselfdertyd so trietsig treurig, dis ongelooflik. En ek dink aan my jeug. En dan voel ek ek wil weghardloop en verdwyn. O, as julle net kan weet hoe ek dit begeer. Om weg te hol, om vry te wees van alles, om te hardloop sonder om ooit terug te kyk...



NYUKHIN: Waarnatoe? Enige plek, solank as dit net vêr weg is van hierdie giftige, mistroostige, goedkoop lewe wat van my 'n dwase drommel en 'n miserabele idioot gemaak het! Om weg te hardloop van daai stokonnosel, kleinlike, befoeterde, mislike, lelke ou vrek! Ja, my ou vrou wat my al vir dertig jaar lank martel! Om weg te hardloop van daardie aaklige musiek, die vuil kombuis, my vrou se rekeningboeke, al daardie vervelige, nuttelose ou takies...

O... Om weg te hol en iewers vêr te stop, vêr weg op 'n berg. Om daar te staan soos 'n boom, 'n paal, 'n voëlverskrikker onder die groot skitterende hemeltrans en die stil, blink maan... en om te vergeet... eenvoudig net alles te vergeet. Hoe smag ek daarna om te vergeet!

Hoe smag ek om hierdie ou pak van my af te skeur. Die pak wat ek dertig jaar gelede op my troue met daai gillende sog gedra het en wat ek vandag nog dra vir lesings vir die Welsyn!

*Hy trek die verslete baadjie uit, gooi dit op die vloer en spring soos 'n besetene daarop op en af.*

NYUKHIN: " Vát so! Vát so ! En so, en so en só!

Ek is 'n armlastige, verslonste ou wrak, soos die rugkant van my onderbaadjie.

*Hy draai sy rug na die gehoor en die onderbaadjie is regtig in vodde.*

NYUKHIN: Ek vra niks. Ek is beter as dit. Ek was eens jonk. Ek was op universiteit, ek het drome gehad... Ek het aan myself gedink as 'n man... maar nou... nou, ek wil niks... hê nie. Niks anders as net vrede... vrede.

*Hy kyk weer na sy-verhoog. Hy tel vinnig sy baadjie op en trek dit paniekerig aan.*

NYUKHIN: Sy's hier. My vrou is daar agter ... op die sy-verhoog. Sy wag vir my.

*Hy kyk op sy horlosie.*

NYUKHIN: Ek sien ons tyd is klaar. As sy julle vra, asseblief, ek smeeek u, vertel haar dat haar ou maergatman... ek bedoel haar man die spreker, ek, homself waardig gedra het.

*Hy kyk weer na sy-verhoog. Bevrees.*

NYUKHIN: O, sy kyk vir my.

*Hy kry 'n waardige houding en praat harder.*

NYUKHIN: Gegewe dan dat twak 'n gevaarlike gif is, wat ek die plesier gehad het om aan u te beskryf, is dit duidelik dat die rook van twak ten alle koste vermy moet word, en laat my toe om hierby te voeg dat ek wens dat my observasies oor die gevaarlike effek van twak vir u tot voordeel was. Ek sluit af in Latyn. "Dixi et animan levavi" (Ek het gespreek en my siel verlig)

*Hy gee 'n majestueuse buiging en stap met groot waardigheid af.*

**Die einde**